

No. R. 1045

25 Mei 1984

WET OP BEWARING VAN LANDBOUHULPBRONNE,
1983 (WET 43 VAN 1983)

BOSBEHEERSKEMA.—INSTELLING

Ek, Gert Jeremias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou, stel hierby kragtens artikel 8, gelees met artikel 9, van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), die Bosbeheerskema in die Bylae in.

G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie skema het enige woord of uitdrukking waarvan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“die Wet” die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

“Grondbewaringskema” die Grondbewaringskema ingestel kragtens artikel 8 van die Wet;

“ligte besmetting”, met betrekking tot indringerplante, 'n besmetting wat ingevolge artikel 6 (3) as 'n ligte besmetting geklassifiseer is;

“matige besmetting”, met betrekking tot indringerplante, 'n besmetting wat ingevolge artikel 6 (2) as 'n matige besmetting geklassifiseer is;

“plaaseenheid” een of meer stukke grond wat elk afsonderlik in 'n aktekantoor geregistreer is en as 'n enkele eenheid geboer word;

“plaasplan” 'n plaasplan soos in artikel 1 van die Grondbewaringskema omskryf;

“swaar besmetting”, met betrekking tot indringerplante, 'n besmetting wat ingevolge artikel 6 (1) as 'n swaar besmetting geklassifiseer is;

“voorligtingskantoor” 'n kantoor van die departement wat ingestel is met die oog op die lewering van landboukundige voorligtingsdienste; en

“yl besmetting”, met betrekking tot indringerplante, 'n besmetting wat ingevolge artikel 6 (4) as 'n yl besmetting geklassifiseer is.

Naam van skema

2. Hierdie skema heet die Bosbeheerskema.

Doelstellings van skema

3. Die doelstellings van hierdie skema is om die bestryding van sekere soorte indringerplante te bevorder met die oog daarop om die produksievermoë van grond te handhaaf, en om die betaling van subsidies uit geld wat vir die doeleindes van hierdie skema deur die Parlement bewillig is, te reël.

Toepassing van skema

4. Hierdie skema is van toepassing op alle grond in 'n gebied vermeld in kolom 1 van die Tabel, uitgesonderd grond in artikel 2 (1) van die Wet bedoel, wat besmet is met indringerplante van 'n soort vermeld in kolom 2 van voormelde Tabel teenoor die betrokke gebied.

Handelinge ten opsigte waarvan subsidies betaal kan word

5. Subsidies kan kragtens hierdie skema betaal word ten opsigte van die bestryding in 'n gebied in artikel 4 bedoel, van indringerplante in daardie artikel bedoel, deur middel van—

- (a) lugbespuiting met 'n onkruidodder, waar die besmetting van daardie indringerplante as 'n swaar, matige of ligte besmetting geklassifiseer is;

No. R. 1045

25 May 1984

CONSERVATION OF AGRICULTURAL RESOURCES
ACT, 1983 (ACT 43 OF 1983)

BUSH CONTROL SCHEME.—ESTABLISHMENT

I, Gert Jeremias Kotzé, Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture, hereby establish by virtue of section 8, read with section 9, of the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), the Bush Control Scheme in the Schedule.

G. J. KOTZÉ, Deputy Minister of Agriculture.

SCHEDULE

Definitions

1. Any word or expression in this scheme to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning, and, unless the context otherwise indicates—

“extension office” means an office of the department established with a view to the rendering of agricultural extension services;

“farm plan” means a farm plan as defined in section 1 of the Soil Conservation Scheme;

“farm unit” means one or more pieces of land, each of which is registered separately in a deeds office, and which is farmed as a single unit;

“heavy infestation”, in relation to invader plants, means an infestation that is classified in terms of section 6 (1) as a heavy infestation;

“light infestation”, in relation to invader plants, means an infestation that is classified in terms of section 6 (3) as a light infestation;

“medium infestation”, in relation to invader plants, means an infestation that is classified in terms of section 6 (2) as a medium infestation;

“Soil Conservation Scheme” means the Soil Conservation Scheme established by virtue of section 8 of the Act;

“sparse infestation”, in relation to invader plants, means an infestation that is classified in terms of section 6 (4) as a sparse infestation; and

“the Act” means the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), and the regulations made thereunder.

Name of scheme

2. This scheme shall be known as the Bush Control Scheme.

Objects of scheme

3. The objects of this scheme shall be to promote the combating of certain kinds of invader plants with a view to maintaining the production potential of land, and to regulate the payment of subsidies out of moneys appropriated by Parliament for the purposes of this scheme.

Application of scheme

4. This scheme shall apply to all land in an area specified in column 1 of the Table, except land referred to in section 2 (1) of the Act, that is infested with invader plants of a kind specified in column 2 of the said Table opposite the area concerned.

Acts in respect of which subsidies may be paid

5. Subsidies may be paid in terms of this scheme in respect of the combating in an area referred to in section 4, of invader plants referred to in that section by means of—

- (a) aerial spraying with a weed killer where the infestation of those invader plants is classified as a heavy, medium or light infestation;

- (b) handbespuiting met of handtoediening van 'n onkruidodder, waar die besmetting van daardie indringerplante as 'n ligte of yl besmetting geklassifiseer is; of
- (c) stambrand waar die besmetting van daardie indringerplante as 'n ligte of yl besmetting geklassifiseer is.

Klassifisering van besmettings

6. (1) 'n Besmetting van indringerplante kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n swaar besmetting geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat al die krone van die indringerplante in 'n stand daarvan merkbaar inmeekaargroei of oorvleuel en onderlinge afskerming as gevolg van gelaagdheid algemeen deur die hele stand voorkom.

(2) 'n Besmetting van indringerplante kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n matige besmetting geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat slegs sommige van die krone van die betrokke indringerplante in 'n stand daarvan aan mekaar raak of oorvleuel en afskerming as gevolg van gelaagdheid slegs in geringe mate deur die hele stand voorkom.

(3) 'n Besmetting van indringerplante kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n ligte besmetting geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat geen krone van die indringerplante in 'n stand daarvan aan mekaar raak of oorvleuel nie en geen afskerming as gevolg van gelaagdheid in daardie stand voorkom nie, maar sodanige stand nogtans so dig is dat lugbespuiting geregverdig is.

(4) 'n Besmetting van indringerplante kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n yl besmetting geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat 'n stand van sodanige plante 'n merkbaar nadelige invloed op die produksievermoë van veld het of kan hê, maar nie van so 'n aard is dat lugbespuiting daarvan geregverdig is nie.

Grondslag vir die bepaling van subsidies

7. (1) Die subsidies wat ingevolge hierdie skema ten opsigte van die bestryding van indringerplante betaal kan word, word bepaal ooreenkomstig die toepaslike tariewe soos aangeteken in 'n tarieflys wat deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies goedgekeur is en vir dié doel by die kantoor van die uitvoerende beampte gehou word.

(2) Sodanige tarieflys word geag deel van hierdie skema uit te maak.

(3) Afskrifte van die tarieflys in subartikel (1) bedoel, is ter insae beskikbaar by—

- (a) die kantoor van die uitvoerende beampte;
- (b) die kantoor van die streekdirekteur van 'n streek waarin 'n gebied in artikel 4 bedoel, geleë is;
- (c) elke voorligtingskantoor in 'n gebied in artikel 4 bedoel; en
- (d) sodanige ander kantoor as wat die uitvoerende beampte bepaal.

Vereistes vir betaling van subsidies

8. 'n Subsidie kan ingevolge hierdie skema ten opsigte van die bestryding van indringerplante aan 'n grondgebruiker betaal word indien—

- (a) daardie grondgebruiker die eienaar van die plaaseenheid is waarop sodanige indringerplante bestry is;
- (b) die plaaseenheid waarop sodanige indringerplante bestry is—
 - (i) geleë is in 'n gebied in artikel 4 bedoel;
 - (ii) besmet is met indringerplante van 'n soort in artikel 4 bedoel; en

- (b) hand spraying with or application by hand of a weed killer where the infestation of those invader plants is classified as a light or sparse infestation; or
- (c) stem burning where the infestation of those invader plants is classified as a light or sparse infestation.

Classification of infestations

6. (1) An infestation of invader plants may for the purposes of this scheme be classified as a heavy infestation if the executive officer is satisfied that all the crowns of the invader plants in a stand thereof entwine or overlap noticeably and mutual shading as a result of stratification occurs generally throughout that stand.

(2) An infestation of invader plants may for the purposes of this scheme be classified as a medium infestation if the executive officer is satisfied that only some of the crowns of the invader plants in a stand thereof touch or overlap and shading as a result of stratification occurs to a slight extent only throughout that stand.

(3) An infestation of invader plants may for the purposes of this scheme be classified as a light infestation if the executive officer is satisfied that no crowns of the invader plants in a stand thereof touch or overlap and no shading as a result of stratification occurs in that stand, but such stand is nevertheless so dense that aerial spraying is justified.

(4) An infestation of invader plants may for the purposes of this scheme be classified as a sparse infestation if the executive officer is satisfied that a stand of such plants has or may have a noticeably detrimental effect on the production potential of veld but is not of such a nature that aerial spraying thereof is justified.

Basis for the determination of subsidies

7. (1) The subsidies that may be paid in terms of this scheme in respect of the combating of invader plants shall be determined in accordance with the applicable tariffs as recorded in a tariff list approved by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and kept at the office of the executive officer for this purpose.

(2) Such tariff list shall be deemed to form part of this scheme.

(3) Copies of the tariff list referred to in subsection (1) shall be available for inspection at—

- (a) the office of the executive officer;
- (b) the office of the regional director of a region within which an area referred to in section 4 is situated;
- (c) each extension office within an area referred to in section 4; and
- (d) such other office as the executive officer may determine.

Requirements for payment of subsidies

8. A subsidy may be paid to a land user in terms of this scheme in respect of the combating of invader plants if—

- (a) that land user is the owner of the farm unit on which such invader plants have been combated;
- (b) the farm unit on which such invader plants have been combated—
 - (i) is situated within an area referred to in section 4;
 - (ii) is infested with invader plants of a kind referred to in section 4; and

- (iii) ingevolge artikel 10 vir deelname aan hierdie skema ingeskryf is of geag word aldus ingeskryf te wees;
- (c) die besmetting van sodanige indringerplante ingevolge artikel 6 as 'n swaar, matige, ligte of yl besmetting geklassifiseer is;
- (d) die bestryding van sodanige indringerplante as 'n voorgestelde werk aangedui is in die lys van grondbewaringswerke wat deel van die plaasplan vir die betrokke plaaseenheid uitmaak;
- (e) 'n toestemming vir die bestryding van sodanige indringerplante ingevolge artikel 11 uitgereik is of geag word uitgereik te gewees het;
- (f) die gedeelte van daardie plaaseenheid waarop sodanige indringerplante bestry is, ooreenstem met die gedeelte daarvan vermeld in die toepaslike toestemming wat ingevolge artikel 11 uitgereik is of geag word uitgereik te gewees het;
- (g) die metode en tegniek van bestryding en, indien van toepassing, die soort onkruidodder wat gebruik is en die konsentrasie waarteen dit toegedien is, ooreenstem met die spesifikasies uiteengesit in die toepaslike toestemming wat ingevolge artikel 11 uitgereik is of geag word uitgereik te gewees het;
- (h) 'n verklaring oor die bestryding van sodanige indringerplante ingevolge artikel 12 afgelê is of geag word afgelê te gewees het;
- (i) sodanige verklaring ingevolge artikel 14 deur die uitvoerende beampte aanvaar is en geld wat vir die doeleindes van hierdie skema bewillig is, beskikbaar is; en
- (j) al die ander bepalings van hierdie skema met betrekking tot die bestryding van sodanige indringerplante en die plaaseenheid waarop dit bestry is, nagekom is.

Aansoeke om deelname aan skema

9. (1) 'n Aansoek om die inskrywing van 'n plaaseenheid met die oog op deelname aan hierdie skema moet op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel by 'n voorligtingskantoor in 'n gebied in artikel 4 bedoel, verkrygbaar is.

(2) So 'n aansoekvorm moet—

- (a) behoudens die bepalings van subartikel (4), deur die eienaar van die betrokke plaaseenheid ingevul word; en
 - (b) nadat dit aldus ingevul is, by die voorligtingskantoor vir die gebied waarin die betrokke plaaseenheid geleë is, ingedien word.
- (3) 'n Aansoekvorm in subartikel (2) bedoel, moet, tensy die betrokke stukke voorheen ingedien is saam met 'n aansoek om die betaling van subsidies of toekennings kragtens artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), of 'n aansoek om die inskrywing van die betrokke plaaseenheid met die oog op deelname aan 'n ander skema, vergesel gaan van—
- (a) dokumentêre bewys van die identiteit van die betrokke aansoeker;
 - (b) 'n gewaarmerkte afskrif van die titelbewys van die grond waaruit die betrokke plaaseenheid bestaan;
 - (c) indien van toepassing, 'n gewaarmerkte afskrif van—
 - (i) die koopooreenkoms ten opsigte van die grond waaruit die betrokke plaaseenheid bestaan, indien daardie grond nog nie op naam van sodanige aansoeker geregistreer is nie: Met dien verstande dat geen subsidie in sodanige geval betaalbaar is voordat 'n gewaarmerkte afskrif van die titelbewys waarby die betrokke grond op naam van daardie aansoeker geregistreer is, ingedien is nie; of

(iii) has been entered for participation in this scheme in terms of section 10 or is deemed to have been thus entered;

- (c) the infestation of such invader plants has been classified in terms of section 6 as a heavy, medium, light or sparse infestation;
- (d) the combating of such invader plants has been indicated as a proposed work in the list of soil conservation works forming part of the farm plan for the farm unit concerned;
- (e) a consent for the combating of such invader plants has been issued or is deemed to have been issued in terms of section 11;
- (f) the portion of that farm unit on which such invader plants have been combated corresponds with the portion thereof specified in the applicable consent issued or deemed to have been issued in terms of section 11;
- (g) the method and technique of combating and, if applicable, the kind of weed killer used and the concentration at which it was applied correspond with the specifications as set out in the applicable consent issued or deemed to have been issued in terms of section 11;
- (h) a statement on the combating of such invader plants has been made or is deemed to have been made in terms of section 12;
- (i) such statement has been accepted by the executive officer in terms of section 14, and moneys appropriated for the purposes of this scheme are available; and
- (j) all the other provisions of this scheme with regard to the combating of such invader plants and the farm unit on which they have been combated have been complied with.

Applications for participation in scheme

9. (1) An application for the entry of a farm unit with a view to participation in this scheme shall be made on a form obtainable for this purpose from an extension office in an area referred to in section 4.

(2) Such an application form shall—

- (a) subject to the provisions of subsection (4), be completed by the owner of the farm unit concerned; and
- (b) after being thus completed, be lodged at the extension office for the area within which the farm unit concerned is situated.

(3) An application form referred to in subsection (2) shall, unless the documents concerned have previously been submitted together with an application for the payment of subsidies or grants in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), or an application for the entry of the farm unit concerned with a view to participation in another scheme, be accompanied by—

- (a) documentary evidence of the identity of the applicant concerned;
- (b) a certified copy of the title deed of the land comprising the farm unit concerned;
- (c) if applicable, a certified copy of—
 - (i) the purchase agreement in respect of the land comprising the farm unit concerned, if that land has not yet been registered in the name of such applicant: Provided that no subsidy shall in such case be payable before a certified copy of the title deed whereby the land concerned was registered in the name of that applicant has been submitted; or

- (ii) dokumentêre bewys van die vruggebruik waarvan die grond waaruit die betrokke plaaseenheid bestaan, onderworpe is, indien sodanige aansoeker die vruggebruiker van daardie plaaseenheid is; en
- (d) sodanige ander toepaslike stukke as wat ingevolge subartikel (4) vereis word.
- (4) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid ten opsigte waarvan 'n aansoekvorm in subartikel (1) bedoel, ingevul is—
- (a) minderjarig is, moet daardie aansoekvorm deur die ouer of wettige voog van sodanige minderjarige onderteken word;
- (b) 'n getroude vrou is, moet die aansoekvorm deur haar eggenoot mede-onderteken word as bewys dat sy deur hom bygestaan word;
- (c) 'n boedel is, moet die aansoekvorm deur die eksekuteur of kurator van sodanige boedel onderteken word: Met dien verstande dat sodanige aansoekvorm van 'n gewaarmerkte afskrif van die aanstellingsbrief van die betrokke eksekuteur of kurator vergesel moet gaan;
- (d) 'n regspersoon is, moet die aansoekvorm deur iemand onderteken word wat behoorlik daartoe gemagtig is: Met dien verstande dat—
- (i) die hoedanigheid van die betrokke persoon op sodanige aansoekvorm vermeld moet word; en
- (ii) sodanige aansoekvorm van 'n gewaarmerkte uittreksel uit die notule wat die besluit bevat waarby daardie magtiging gegee is, vergesel moet gaan;
- (e) iemand anders gemagtig het om namens hom aansoek te doen, moet die aansoekvorm deur die betrokke gemagtigde persoon onderteken word: Met dien verstande dat sodanige aansoekvorm van die betrokke volmag vergesel moet gaan;
- (f) 'n vennootskap is of indien sodanige plaaseenheid deur meer as een persoon besit word, moet die aansoekvorm deur al die betrokke vennote of mede-eienaars onderteken word, tensy een van die vennote of mede-eienaars 'n volmag in paragraaf (e) bedoel, het; en
- (g) 'n trust is, moet die aansoekvorm deur die trustee van sodanige trust onderteken word: Met dien verstande dat sodanige aansoekvorm van gewaarmerkte afskrifte van die stukke waarkragtens die betrokke trust geskep en die betrokke trustee aangestel is, vergesel moet gaan.
- (5) 'n Aansoek om die betaling van subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), in verband met die bestryding van indringerplante op 'n plaaseenheid, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema ingedien is maar nog nie op daardie datum goedgekeur was nie, word geag 'n aansoek in subartikel (1) bedoel, te wees.

Inskrywing van plaaseenhede

10. (1) Indien die uitvoerende beampte 'n aansoek om die inskrywing van 'n plaaseenheid met die oog op deelname aan hierdie skema goedkeur, moet hy die betrokke aansoeker skriftelik daarvan in kennis stel: Met dien verstande dat 'n aansoek nie aldus goedgekeur word nie tensy 'n plaasplan ten opsigte van die betrokke plaaseenheid voorgeen aan die betrokke aansoeker verskaf is.

(2) Elke kennisgewing in subartikel (1) bedoel, moet vergesel gaan van 'n lys van werke deur die uitvoerende beampte verskaf, waarin die kampe op die betrokke plaaseenheid waarin die bestryding van indringerplante ten opsigte waarvan subsidies kragtens hierdie skema betaal kan word, behoort te geskied, en die klassifikasie van die besmetting in elke sodanige kamp vermeld word.

- (ii) documentary evidence of the usufruct to which the land comprising the farm unit concerned is subject, if such applicant is the usufructuary of that farm unit; and
- (d) such other applicable documents as may be required in terms of subsection (4).
- (4) If the owner of a farm unit in respect of which an application form referred to in subsection (1) has been completed—
- (a) is a minor, the application form shall be signed by the parent or legal guardian of such minor;
- (b) is a married woman, the application form shall be countersigned by her spouse as evidence that she is assisted by him;
- (c) is an estate, the application form shall be signed by the executor or curator of such estate: Provided that such application form shall be accompanied by a certified copy of the letter of appointment of the executor or curator concerned;
- (d) is a juristic person, the application form shall be signed by a person who is duly authorised thereto: Provided that—
- (i) the capacity of the person concerned shall be specified on such application form; and
- (ii) such application form shall be accompanied by a certified excerpt from the minutes containing the resolution whereby that authority was granted;
- (e) has authorised another person to apply on his behalf, the application form shall be signed by the authorised person concerned: Provided that such application form shall be accompanied by the proxy concerned;
- (f) is a partnership or such farm unit is owned by more than one person, the application form shall be signed by all the partners or co-owners concerned unless one of the partners or co-owners has a proxy referred to in paragraph (e); or
- (g) is a trust, the application form shall be signed by the trustee of such trust: Provided that such application form shall be accompanied by certified copies of the documents whereby the trust concerned was created and the trustee concerned appointed.

(5) An application for the payment of subsidies in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), in connection with the combating of invader plants on a farm unit, that was lodged prior to the date of commencement of this scheme but had not yet been approved on that date shall be deemed to be an application referred to in subsection (1).

Entry of farm units

10. (1) If the executive officer approves an application for the entry of a farm unit with a view to participation in this scheme, he shall notify the applicant concerned thereof in writing: Provided that an application shall not be thus approved unless a farm plan in respect of the farm unit concerned has previously been provided to the applicant concerned.

(2) Each notice referred to in subsection (1) shall be accompanied by a list of works provided by the executive officer, in which the camps on the farm unit concerned in which the combating of invader plants in respect of which subsidies may be paid in terms of this scheme, should take place, and the classification of the infestation in each such camp are specified.

(3) 'n Lys van werke in subartikel (2) bedoel, word geag 'n aanvulling te wees van die lys van grondbewaringswerke wat deel van die plaasplan vir 'n plaaseenheid uitmaak.

(4) 'n Plaaseenheid word geag vir deelname aan hierdie skema ingeskryf te wees indien—

(a) 'n aansoek deur die huidige eienaar van die plaaseenheid om die betaling van subsidies kragtens artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), in verband met die bestryding van indringerplante daarop voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema kragtens voormelde Wet goedgekeur is en sodanige goedkeuring steeds van krag is; en

(b) 'n stuk wat geag word 'n lys van werke in subartikel (2) bedoel, te wees, voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema aan sodanige eienaar verskaf is en sodanige lys van werke steeds van krag is.

(5) Die inskrywing van 'n plaaseenheid vir deelname aan hierdie skema verval indien—

(a) die eienaar van die betrokke plaaseenheid—

(i) die uitvoerende beampte skriftelik in kennis gestel het van sy voorneme om die plaaseenheid aan deelname aan hierdie skema te onttrek; en

(ii) die subsidies, indien enige, wat ingevolge hierdie skema of ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), aan hom betaal is ten opsigte van die bestryding van indringerplante op daardie plaaseenheid, of sodanige gedeelte van daardie subsidies as wat die uitvoerende beampte bepaal, aan die uitvoerende beampte terugbetaal het; of

(b) die persoon aan wie 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) of 'n goedkeuring in subartikel 4 (a) bedoel, uitgereik is, nie meer die eienaar van die betrokke plaaseenheid is nie.

Toestemming om indringerplante te bestry

11. (1) Die bestryding van indringerplante vermeld in 'n lys van werke in artikel 10 (2) bedoel, mag nie 'n aanvang neem voordat die uitvoerende beampte skriftelik toestemming daartoe verleen het nie.

(2) 'n Aansoek om 'n toestemming in subartikel (1) bedoel, moet op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel by 'n voorligtingskantoor in 'n gebied in artikel 4 bedoel, verkrygbaar is.

(3) So 'n aansoekvorm moet—

(a) behoudens die bepalings van artikel 9 (4), deur die eienaar van die betrokke plaaseenheid ingevul word;

(b) nadat dit aldus ingevul is, ingedien word by die voorligtingskantoor vir die gebied waarin die betrokke plaaseenheid geleë is; en

(c) aldus ingedien word voor die eerste dag van die maand Augustus wat die groeiseisoen waarin die betrokke indringerplante bestry sal word, voorafgaan.

(4) Afsonderlike aansoekvorms moet aldus ingedien word ten opsigte van verskillende gedeeltes van 'n plaaseenheid waarop indringerplante gedurende verskillende groeiseisoene bestry sal word, en elke sodanige aansoek mag betrekking hê op hoogstens 25 persent of 500 hektaar, wat ook al die minste is, van die totale besmette oppervlakte van sodanige plaaseenheid: Met dien verstande dat indien die oppervlakte van 'n bepaalde kamp of groep kampe voormelde maksimum oorskry, 'n speling van 10 persent of 50 hektaar, na gelang van die geval, toelaatbaar is ten einde die betrokke grondgebruiker in staat te stel om indringerplante in daardie kamp of groep kampe as 'n geheel te bestry.

(3) A list of works referred to in subsection (2) shall be deemed to be an additional to the list of soil conservation works forming part of the farm plan for a farm unit.

(4) A farm unit shall be deemed to have been entered for participation in this scheme if—

(a) an application by the current owner of the farm unit for the payment of subsidies in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), in connection with the combating of invader plants thereon was approved in terms of the said Act prior to the date of commencement of this scheme, and such approval is still in force; and

(b) a document which is deemed to be a list of works referred to in subsection (2) has been provided to such owner prior to the date of commencement of this scheme and such list of works is still in force.

(5) The entry of a farm unit for participation in this scheme shall lapse if—

(a) the owner of the farm unit concerned—

(i) has notified the executive officer in writing of his intention to withdraw the farm unit from participation in this scheme; and

(ii) has repaid to the executive officer the subsidies, if any, that were paid to him in terms of this scheme or in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), in respect of the combating of invader plants on that farm unit, or such portion of those subsidies as the executive officer may determine; or

(b) the person to whom a notice in terms of subsection (1) or an approval referred to in section (4) (a) was issued is no longer the owner of the farm unit concerned.

Consent to combat invader plants

11. (1) The combating of invader plants specified in a list of works referred to in section 10 (2) shall not commence before the executive officer has consented thereto in writing.

(2) An application for a consent referred to in subsection (1) shall be made on a form obtainable for this purpose from an extension office in an area referred to in section 4.

(3) Such an application form shall—

(a) subject to the provisions of section 9 (4), be completed by the owner of the farm unit concerned;

(b) after being thus completed, be lodged at the extension office for the area within which the farm unit concerned is situated; and

(c) be thus lodged before the first day of the month of August preceding the growing season during which the invader plants concerned will be combated.

(4) Separate application forms shall be thus lodged in respect of different portions of a farm unit on which invader plants will be combated during different growing seasons, and each such application shall apply to not more than 25 per cent or 500 hectares, whichever is the lesser, of the total infested area of such farm unit: Provided that if the area of a particular camp or group of camps exceeds the said maximum, an allowance of 10 per cent or 50 hectares, as the case may be, shall be permissible in order to enable the land user concerned to combat invader plants in that camp or group of camps as a whole.

(5) 'n Aansoek om 'n toestemming vir die bestryding van indringerplante ten opsigte waarvan subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaalbaar sou wees, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema ingedien is maar nog nie op daardie datum goedgekeur was nie, word geag 'n aansoek in subartikel (2) bedoel, te wees.

(6) Indien die uitvoerende beamppte 'n aansoek in subartikel (2) bedoel, goedkeur, moet hy 'n skriftelike toestemming om die betrokke indringerplante te bestry aan die betrokke aansoeker uitreik.

(7) So 'n toestemming moet—

- (a) die groeiseisoen waarop dit betrekking het, vermeld;
- (b) behoudens die bepalings van subartikel (4), die kampe vermeld waarin indringerplante gedurende die betrokke groeiseisoen bestry moet word;
- (c) die vervaldatum daarvan vermeld;
- (d) die metode en tegniek van bestryding wat toegepas moet word, vermeld; en
- (e) indien van toepassing, die soort onkruidsdoder wat gebruik moet word en die konsentrasie waarteen dit toegedien moet word, vermeld.

(8) Ondanks die bepalings van subartikel (6), word 'n aansoek om 'n toestemming in subartikel (2) bedoel, nie goedgekeur nie indien—

- (a) enige subsidies voorheen ingevolge hierdie skema of ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaal is, of enige handeling voorheen ingevolge artikel 11 van die Wet deur die Minister verrig is in verband met die bestryding van indringerplante op die gedeelte van 'n plaaseenheid waarop sodanige aansoek betrekking het; of
- (b) al die voorgestelde grondbewaringswerke wat as weiveldbenuttingswerke geklassifiseer is in die lys van grondbewaringswerke wat deel van die plaasplan vir 'n plaaseenheid uitmaak, nog nie voltooi is nie.

(9) 'n Toestemming vir die bestryding van indringerplante ten opsigte waarvan subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaalbaar sou wees, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema uitgereik is, word, indien dit op sodanige datum nog van krag is, geag 'n toestemming in subartikel (1) bedoel, te wees.

Verklarings oor bestryding van indringerplante

12. (1) Die uitvoerende beamppte moet van 'n verklaring in verband met die bestryding van indringerplante ingevolge 'n toestemming in artikel 11 bedoel, voorsien word.

(2) 'n Verklaring in subartikel (1) bedoel, moet op 'n vorm afgelê word wat vir dié doel by 'n voorligtingskantoor in 'n gebied in artikel 4 bedoel, verkrygbaar is.

(3) So 'n verklaring moet—

- (a) behoudens die bepalings van artikel 9 (4), deur die eienaar van die betrokke plaaseenheid afgelê word;
- (b) aldus afgelê word—
 - (i) in die teenwoordigheid van 'n beamppte van die departement wat werkzaam is by die voorligtingskantoor vir die gebied waarin die betrokke plaaseenheid geleë is; en

(5) An application for a consent for the combating of invader plants in respect of which subsidies would have been payable in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), that was lodged prior to the date of commencement of this scheme but had not yet been approved on that date, shall be deemed to be an application referred to in subsection (2).

(6) If the executive officer approves and application referred to in subsection (2), he shall issue a written consent to the applicant concerned to combat the invader plants concerned.

(7) Such consent shall—

- (a) specify the growing season to which it relates;
- (b) subject to the provisions of subsection (4), specify the camps in which invader plants are to be combated during the growing season concerned;
- (c) specify the expiry date thereof;
- (d) specify the method and technique of combating which are to be applied; and
- (e) if applicable, specify the kind of weed killer to be used and the concentration at which it is to be applied.

(8) Notwithstanding the provisions of subsection (6), an application for a consent referred to in subsection (2) shall not be approved if—

- (a) any subsidies have previously been paid in terms of this scheme, or in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), or any act has previously been performed by the Minister in terms of section 11 of the Act in connection with the combating of invader plants on the portion of a farm unit to which such application relates; or
- (b) all the proposed soil conservation works that are classified as veld utilisation works in the list of soil conservation works forming part of the farm plan for a farm unit have not yet been completed.

(9) A consent for the combating of invader plants in respect of which subsidies would have been payable in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), that was issued prior to the date of commencement of this scheme shall, if it is still in force on such date, be deemed to be a consent referred to in subsection (1).

Statements on combating of invader plants

12. (1) The executive officer shall be provided with a statement in connection with the combating of invader plants in terms of a consent referred to in section 11.

(2) A statement referred to in subsection (1) shall be made on a form obtainable for this purpose from an extension office in an area referred to in section 4.

(3) Such a statement shall—

- (a) subject to the provisions of section 9 (4), be made by the owner of the farm unit concerned;
- (b) be thus made—
 - (i) in the presence of an officer of the department employed at the extension office for the area within which the farm unit concerned is situated; and

- (ii) voor of op die vervaldatum vermeld in die toepaslike toestemming in artikel 11 bedoel;
- (c) die datum waarop of die tydperk waartydens die betrokke indringerplante bestry is, vermeld; en
- (d) 'n bevestiging bevat dat—
 - (i) die bestryding van die betrokke indringerplante in die kamp of kampe onderneem is ooreenkomstig die metodes en tegnieke en, indien van toepassing, met die soort onkruidodder in die betrokke toestemming vermeld; en
 - (ii) die verklaarder bewus is dat enige subsidies wat op grond van die betrokke verklaring aan hom betaal is, onmiddellik deur hom terugbetaalbaar sal wees indien dit later blyk dat enige besonderhede in sodanige verklaring onjuis is.
- (3) Indien indringerplante deur middel van lugbespuiting met 'n onkruidodder bestry is, moet die faktuur van die firma wat sodanige lugbespuiting gedoen het, by die toepaslike verklaring in subartikel (1) bedoel, aangeheg word.
- (4) Indien 'n verklaring oor die bestryding van indringerplante nie voor of op die vervaldatum in artikel 11 (7) (c) bedoel, afgelê is nie, kan die uitvoerende beamppte—
 - (a) weier om enige subsidie ten opsigte van die betrokke bestryding te betaal; of
 - (b) die betaling van die subsidie ten opsigte van die betrokke bestryding uitstel vir sodanige tydperk as wat hy bepaal.
- (5) 'n Verklaring oor die bestryding van indringerplante ten opsigte waarvan subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaalbaar sou wees, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema afgelê is, word, indien sodanige subsidies nog nie op daardie datum betaal is nie, geag 'n verklaring in subartikel (1) bedoel, te wees.
- (6) Elke verklaring in subartikel (1) bedoel, moet deur die uitvoerende beamppte nagesien en aan die toepaslike stukke in artikels 9, 10 en 11 bedoel, en die toepaslike bepalings van hierdie skema getoets word ten einde te bepaal of 'n subsidie ten opsigte van die bestryding van die betrokke indringerplante betaalbaar is.
- (7) Indien dit uit die nasien van 'n verklaring ingevolge subartikel (6) blyk dat daar 'n tekortkoming in die bestryding van indringerplante is omdat dit nie ooreenkomstig die metodes en tegnieke in die toepaslike toestemming in artikel 11 bedoel, bestry is nie, of dat sodanige bestryding om 'n ander rede nie vir die betaling van 'n subsidie kwalifiseer nie—
 - (a) moet die uitvoerende beamppte die persoon wat die betrokke verklaring afgelê het, skriftelik van sodanige tekortkoming of rede in kennis stel;
 - (b) is geen subsidie ten opsigte van die bestryding van daardie indringerplante betaalbaar voordat sodanige tekortkoming reggestel of sodanige rede uitgeskakel is nie; en
 - (c) kan 'n nuwe verklaring ingevolge subartikel (1) afgelê word nadat sodanige tekortkoming reggestel of sodanige rede uitgeskakel is.

Verlenging van geldigheidsduur van toestemmings

13. (1) Indien die bestryding van indringerplante waarskynlik nie betyds voltooi sal wees om te verseker dat 'n verklaring in artikel 12 (1) bedoel, voor of op die vervaldatum in artikel 11 (7) (c) bedoel, verstrekkend kan word nie, kan die uitvoerende beamppte daardie vervaldatum op aansoek uitstel.

- (ii) on or before the expiry date specified in the applicable consent referred to in section 11;
- (c) specify the date on which or the period during which the invader plants concerned were combated; and
- (d) contain a confirmation that—
 - (i) the combating of the invader plants concerned was undertaken in the camp or camps, in accordance with the methods and techniques and, if applicable, with the kind of weed killer specified in the consent concerned; and
 - (ii) the deponent is aware that any subsidies paid to him on the basis of the statement concerned shall immediately be repayable by him if it appears that any particulars in such statement are incorrect.
- (3) If invader plants have been combated by means of aerial spraying with a weed killer, the invoice of the firm that undertook such aerial spraying shall be attached to the applicable statement referred to in subsection (1).
- (4) If a statement on the combating of invader plants is not made on or before the expiry date referred to in section 11 (7) (c), the executive officer may—
 - (a) refuse to pay any subsidy in respect of the combating concerned; or
 - (b) postpone the payment of the subsidy in respect of the combating concerned for such period as he may determine.
- (5) A statement on the combating of invader plants in respect of which subsidies would have been payable in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), that was made prior to the date of commencement of this scheme shall, if such subsidies had not yet been paid on that date, be deemed to be a statement referred to in subsection (1).
- (6) Each statement referred to in subsection (1) shall be checked by the executive officer and be tested against the applicable documents referred to in sections 9, 10 and 11 and the applicable provisions of this scheme in order to determine whether a subsidy is payable in respect of the combating of the invader plants concerned.
- (7) If it appears from the checking of a report in terms of subsection (6) that there is a shortcoming in the combating of invader plants because they have not been combated in accordance with the methods or techniques specified in the applicable consent referred to in section 11 or that such combating does not qualify for the payment of a subsidy for any other reason—
 - (a) the executive officer shall notify the person who made the statement concerned in writing of such shortcoming or reason;
 - (b) no subsidy shall be payable in respect of the combating of those invader plants before such shortcoming has been rectified or such reason eliminated; and
 - (c) a fresh statement may be made in terms of subsection (1) after such shortcoming has been rectified or such reason eliminated.

Extensions of validity of consents

13. (1) If the combating of invader plants will probably not be completed in time to ensure that a statement referred to in section 12 (1) can be furnished on or before the expiry date referred to in section 11 (7) (c), the executive officer may on application postpone that expiry date.

(2) Die bepalinge van artikel 11 met betrekking tot 'n aansoek om 'n toestemming om indringerplante te bestry, is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n aansoek om die uitstel van die vervaldatum in sodanige toestemming vermeld: Met dien verstande dat sodanige aansoek die betrokke voorligtingskantoor nie later nie as die vervaldatum in die betrokke toestemming vermeld, moet bereik.

(3) Wanneer die uitvoerende beampte 'n aansoek om die uitstel van die vervaldatum vermeld in 'n toestemming in artikel 11 bedoel, goedkeur, moet hy 'n nuwe toestemming vir die bestryding van die betrokke indringerplante uitreik.

Betaling van subsidies

14. (1) Indien die uitvoerende beampte 'n verklaring aanvaar wat ingevolge artikel 12 (6) nagesien is, moet hy die bedrag bereken wat as subsidie ten opsigte van die bestryding van die betrokke indringerplante betaalbaar is.

(2) 'n Bedrag in subartikel (1) bedoel, word bereken ooreenkomstig die toepaslike tariewe wat in die tarieflys in artikel 7 bedoel, aangegeven is en van krag was op die datum waarop sodanige verklaring afgelê is.

(3) Die subsidie aldus bereken, word behoudens die bepalinge van subartikels (4) en (5) en met inagneming van die beskikbaarheid van geld vir die doeleindes van hierdie skema bewillig, so spoedig doenlik betaal aan die eienaar van die plaaseenheid waarop die betrokke indringerplante bestry is.

(4) Die eienaar van 'n plaaseenheid kan die uitvoerende beampte skriftelik versoek om enige subsidies wat hom toekom, aan iemand in sodanige versoek vermeld, te betaal.

(5) Indien die uitvoerende beampte in kennis gestel is dat bystand by wyse van 'n lening ingevolge artikel 10 van die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet 28 van 1966), aan 'n grondgebruiker verleen is vir die bestryding van indringerplante, word die subsidie wat ten opsigte van sodanige bestryding betaalbaar is, gebruik ter betaling of gedeeltelike betaling van die bedrag (met inbegrip van rente daarop) wat as gevolg van sodanige bystand aan die Staat verskuldig is.

Foutiewe betalings

15. (1) Indien die uitvoerende beampte na aanleiding van 'n ondersoek ingevolge artikel 18 van die Wet in verband met die bestryding van indringerplante ten opsigte waarvan 'n subsidie ingevolge hierdie skema of ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaal is, oortuig is dat geen subsidie ten opsigte van die bestryding van daardie indringerplante betaal moes gewees het nie, moet die uitvoerende beampte die eienaar van die betrokke plaaseenheid skriftelik gelas om die betrokke subsidie, tesame met rente daarop bereken op die grondslag in subartikel (2) uiteengesit, aan die uitvoerende beampte terug te betaal.

(2) Rente wat ingevolge subartikel (1) betaalbaar is, word bereken—

- (a) teen 'n koers gelyk aan die koers wat ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), bepaal is en wat van toepassing is op die datum waarop die uitvoerende beampte die terugbetaling van die betrokke bedrag skriftelik gelas het; en
- (b) vanaf die datum waarop die betrokke subsidie betaal is tot die laaste dag van die maand wat die maand van terugbetaling van sodanige verskuldigde bedrag voorafgaan.

(2) The provisions of section 11 with regard to an application for a consent to combat invader plants shall apply *mutatis mutandis* with regard to an application for the postponement of the expiry date specified in such consent: Provided that such application shall reach the extension office concerned not later than the expiry date specified in the consent concerned.

(3) When the executive officer approves an application for the postponement of the expiry date specified in a consent referred to in section 11, he shall issue a fresh consent for the combating of the invader plants concerned.

Payment of subsidies

14. (1) If the executive officer accepts a statement that has been checked in terms of section 12 (6), he shall calculate the amount which is payable as subsidy in respect of the combating of the invader plants concerned.

(2) An amount referred to in subsection (1) shall be calculated according to the applicable tariffs which are recorded in the tariff list referred to in section 7, that were in force on the date on which such statement was made.

(3) The subsidy thus calculated shall subject to the provisions of subsections (4) and (5) and with due regard to the availability of moneys appropriated for the purposes of this scheme, be paid as soon as is practicable to the owner of the farm unit on which the invader plants concerned have been combated.

(4) The owner of a farm unit may request the executive officer in writing to pay any subsidies due to him to a person specified in such request.

(5) If the executive officer has been notified that assistance by way of a loan in terms of section 10 of the Agricultural Credit Act, 1966 (Act 28 of 1966), has been rendered to a land user for the combating of invader plants, the subsidy payable in respect of such combating shall be used as payment or part payment of the amount (including any interest thereon) due to the State on account of such assistance.

Erroneous payments

15. (1) If the executive officer, as a result of an inspection in terms of section 18 of the Act in connection with the combating of invader plants in respect of which a subsidy was paid in terms of this scheme or in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), is satisfied that no subsidy should have been paid in respect of the combating of those invader plants, the executive officer shall direct the owner of the farm unit concerned in writing to repay to the executive officer the subsidy concerned, together with interest thereon calculated on the basis set out in subsection (2).

(2) Interest which is payable in terms of subsection (1) shall be calculated—

- (a) at a rate equal to the rate determined in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), and which is applicable on the date on which the executive officer directed the repayment of the amount concerned in writing; and
- (b) from the date on which the subsidy concerned was paid until the last day of the month preceeding the month of repayment of such due amount.

(3) Indien dit te eniger tyd aan die lig kom dat 'n ander fout as 'n fout in subartikel (1) bedoel, gemaak is in die berekening van 'n subsidie wat kragtens hierdie skema betaal is, kan die uitvoerende beampte die eienaar van die betrokke plaaseenheid skriftelik gelas om die bedrag wat verkeerdlik aan hom betaal is, aan die uitvoerende beampte terug te betaal.

(4) 'n Bedrag wat ingevolge subartikel (3) terugbetaalbaar is, moet aan die uitvoerende beampte betaal word binne 60 dae na die datum waarop hy die terugbetaling daarvan skriftelik gelas het.

(5) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid versuim om die bedrag wat ingevolge subartikel (3) deur hom terugbetaalbaar is, te betaal binne die tydperk in subartikel (4) bedoel, is rente op die verskuldigde bedrag betaalbaar teen 'n koers gelyk aan die koers wat ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), bepaal is en wat van toepassing was op die datum waarop uitvoerende beampte die betrokke terugbetaling skriftelik gelas het.

Voorwaardes waarop subsidies betaal word

17. (1) 'n Subsidie ingevolge hierdie skema ten opsigte van die bestryding van indringerplante word op die volgende voorwaardes betaal:

- (a) Die betrokke eienaar moet alle hergroei en saailinge van die indringerplante ten opsigte waarvan sodanige subsidie betaal is, op eie koste onder beheer hou ten einde aan die bepalings van artikel 12 (1) (b) van die Wet te voldoen.
- (b) Die boerderypraktyke wat gevolg word op die plaaseenheid waarop die betrokke indringerplante bestry is, moet voldoen aan die bepalings van die bestuursprogram wat deel van die plaasplan vir daardie plaaseenheid uitmaak.
- (c) Die getal diere wat aangehou word op die veld van die plaaseenheid waarop die betrokke indringerplante bestry is, mag nie die getal oorskry wat ingevolge die Wet daarop aangehou mag word nie.
- (d) Nog die Staat nog enigeen van sy beamptes is aanspreeklik ten opsigte van enige skade of verlies wat op enige wyse hoegenaamd toegeskryf kan word aan onkruidodders wat vir gebruik ingevolge hierdie skema aanbeveel is.

(2) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid weier of versuim om te voldoen aan enige van die voorwaardes in subartikel (1) uiteengesit, moet die uitvoerende beampte die betrokke eienaar gelas om die subsidies wat kragtens hierdie skema ten opsigte van die bestryding van indringerplante aan hom betaal is, aan die uitvoerende beampte terug te betaal.

(3) 'n Bedrag wat ingevolge subartikel (2) terugbetaalbaar is, moet aan die uitvoerende beampte betaal word binne 60 dae na die datum waarop hy die terugbetaling daarvan skriftelik gelas het.

(4) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid versuim om die bedrag wat ingevolge subartikel (2) deur hom terugbetaalbaar is, te betaal binne die tydperk in subartikel (3) bedoel, is rente op die verskuldigde bedrag betaalbaar teen 'n koers gelyk aan die koers wat ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), bepaal is en wat van toepassing was op die datum waarop die uitvoerende beampte die betrokke terugbetaling skriftelik gelas het.

Inwerkingtreding

18. Hierdie skema tree op 1 Junie 1984 in werking.

(3) If at any time it appears that an error other than an error referred to in subsection (1) has been made in the calculation of a subsidy paid in terms of this scheme, the executive officer may direct the owner of the farm unit concerned in writing to repay to the executive officer the amount erroneously paid to him.

(4) An amount repayable in terms of subsection (3) shall be paid to the executive officer within 60 days of the date on which he directed the repayment thereof in writing.

(5) If the owner of a farm unit fails to pay the amount repayable by him in terms of subsection (3) within the period referred to in subsection (4), interest shall be payable on the amount due at a rate equal to the rate determined in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), and that was applicable on the date on which the executive officer directed the repayment concerned in writing.

Conditions on which subsidies are paid

17. (1) A subsidy in terms of this scheme in respect of the combating of invader plants shall be paid on the following conditions:

- (a) The owner concerned shall keep all regrowth and seedlings of the invader plants in respect of which such subsidy has been paid under control at his own expense in order to comply with the provisions of section 12 (1) (b) of the Act.
- (b) The farming practices pursued on the farm unit on which the invader plants concerned have been combated shall comply with the provisions of the management programme forming part of the farm plan for that farm unit.
- (c) The number of animals being kept on the veld of the farm unit on which the invader plants have been combated shall not exceed the number that may be kept thereon in terms of the Act.
- (d) Neither the State nor any of its officers shall be liable in respect of any damage or loss that could in any manner whatsoever be attributed to weed killers recommended for use in terms of this scheme.

(2) If the owner of a farm unit refuses or fails to comply with any of the conditions set out in subsection (1), the executive officer shall direct the owner concerned to repay to the executive officer the subsidies paid to him in terms of this scheme in respect of the combating of invader plants.

(3) An amount which is repayable in terms of subsection (2) shall be paid to the executive officer within 60 days of the date on which he has directed the repayment thereof in writing.

(4) If the owner of a farm unit fails to pay the amount repayable by him in terms of subsection (2) within the period referred to in subsection (3), interest shall be payable on the amount due at a rate equal to the rate determined in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), and that was applicable on the date on which the executive officer directed the repayment concerned in writing.

Commencement

18. This scheme shall come into operation on 1 June 1984.

TABEL/TABLE

GEBIEDE WAARIN EN INDRINGERPLANTE WAAROP SKEMA VAN TOEPASSING IS/AREAS WITHIN WHICH AND INVADER PLANTS TO WHICH SCHEME APPLIES

Gebied/Area	Soort indringerplant/Kind of invader plant	
	Botaniese naam/Botanical name	Gewone naam/Common name
1	2	
I. Die landdrosdistrikte/The Magisterial Districts of Kuruman, Postmasburg en Vryburg	<i>Acacia erubescens</i> Welw. ex Oliv. <i>Acacia fleckii</i> Schinz. <i>Acacia hebeclada</i> DC subsp. <i>hebeclada</i> <i>Acacia karroo</i> Hayne <i>Acacia mellifera</i> (Vahl) Benth. subsp. <i>detinens</i> (Burch.) Brennan <i>Acacia nilotica</i> (L.) Willd. ex Del. subsp. <i>kraussiana</i> (Brenth.) Brennan <i>Acacia reficiens</i> Wawra subsp. <i>reficiens</i> <i>Acacia senegal</i> (L.) Willd. var. <i>rostrata</i> Brennan <i>Acacia tortilis</i> (Forsk.) Hayne subsp. <i>heteracantha</i> (Burch.) Brennan <i>Dichrostachys cinerea</i> (L.) Wight & Arn. subsp. <i>afri-cana</i> Brennan & Brumm. <i>Terminalia sericea</i> Burch. Province, ex DC.	Blouhaak/Blue thorn Bladdoring, geelhaak/Plate thorn, geelhaak. Trassiedoring, trassiebos, muisdoring/Mouse bush, Candle thorn. Soetdoring, Pendoring/Sweet thorn. Swarthaak/Black thorn. Snuifpeul, stinkpeul, lekkerruikpeul/Red Heart, scented thorn. Vals-haak-en-steek/False umbrella thorn. Driehaakdoring, drievingerdoring, gomdoring/Three-thorned acacia, three-hook acacia. Haak- en Steek/Umbrella thorn. Sekelbos/Chinese latern tree, bastard acacia, sickle bush. (Sand) vaalboom, sandgeelhout/Silver cluster-leaf, Transvaal silverleaf, Silverleaf Terminalia.

No. R. 1044

25 Mei 1984

WET OP DIE BEWARING VAN LANDBOUHULPBRONNE, 1983 (WET 43 VAN 1983)

ONKRUIDBEHEERSKEMA.—INSTELLING

Ek, Gert Jeremias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou stel hierby kragtens artikel 8, gelees met artikel 9, van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), die Onkruidbeheerskema in die Bylae in.

G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie skema het enige woord of uitdrukking waarvan 'n betekenis in die Wet gegee is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“die Wet” die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

“Grondbewaringskema” die Grondbewaringskema ingestel kragtens artikel 8 van die Wet;

“plaaseenheid” een of meer stukke grond wat elk afsonderlik in 'n akteskantoor geregistreer is en as 'n enkele eenheid geboer word;

“plaasplan” 'n plaasplan in artikel 1 van die Grondbewaringskema omskryf; en

“voorligtingskantoor” 'n kantoor van die departement wat ingestel is met die oog op die lewering van landboukundige voorligtingsdienste.

Naam van skema

2. Hierdie skema heet die Onkruidbeheerskema.

Doelstellings van skema

3. Die doelstellings van hierdie skema is om die bestyding van sekere soorte onkruid te bevorder met die oog daarop om die produksievermoë van grond te handhaaf en die verspreiding van daardie soorte onkruid te beperk, en om die verskaffing van onkruidodors deur die departement aangekoop uit geld wat vir die doeleindes van hierdie skema deur die Parlement bewillig is te reël.

No. R. 1044

25 May 1984

CONSERVATION OF AGRICULTURAL RESOURCES ACT, 1983 (ACT 43 OF 1983)

WEED CONTROL SCHEME.—ESTABLISHMENT

I, Gert Jeremias Kotzé Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture hereby establish by virtue of section 8, read with section 9, of the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), the Weed Control Scheme in the Schedule.

G. J. KOTZÉ, Deputy Minister of Agriculture.

SCHEDULE

Definitions

1. Any word or expression in this scheme to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates—

“extension office” means an office of the department established with a view to the rendering of agricultural extension services;

“farm plan” means a farm plan as defined in section 1 of the Soil Conservation Scheme;

“farm unit” means one or more pieces of land, each of which is registered separately in a deeds office, and which is farmed as a single unit;

“Soil Conservation Scheme” means the Soil Conservation Scheme established by virtue of section 8 of the Act; and

“the Act” means the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), and the regulations made thereunder.

Name of scheme

2. This scheme shall be known as the Weed Control Scheme.

Objects of scheme

3. The objects of this scheme shall be to promote the combating of certain kinds of weeds with a view to maintaining the production potential of land and to restricting the spread of those kinds of weeds, and to regulate the supply of weed killers purchased by the department out of moneys appropriated by Parliament for the purposes of this scheme.